

Mercedesrit in die aand – Willem Krog

Antwoorde

1. Dit beteken 'n rit van "executives" (staatsamptenare) in hul Mercedese oppad huis toe na werk.
2. "Sit hulle ... langs sy enkel weerkaatsing in die ruit"; " executives ... wat huis toe gaan".
3. Dit beteken dat die bedelaars langs die straat hul "plakkate" waarop hulle om geld vra, wanhopig omhoog hou.
4. Die amptenare in hul motors se gesigte is strak terwyl hulle met saamgeperste lippe reguit voor hulle uitkyk. Die gesigsuitdrukking verrai hul moegheid en onbetrokkenheid by hul omgewing.
5. 'n Vaandel is 'n vlag wat by betogings gedra word met leuses of wat deur sportondersteuners by wedstryde geswaai word. Die "plakkate", "lappe" of "kartonne" van honger bedelaars is egter nie "vaandels" nie; wat daarop geskryf staan, is versoeke om geld vir kos en kleres vir oorlewing in hul haglike omstandighede en dit "wapper" nie.
6. Die komponent "vaar" in "vaartuig" gee die gedagte van beweging sterker weer as "voer" in "voertuig". Die bestuurders van die Mercedese ry waarskynlik so vinnig as moontlik. Die werkwoord "vaar" verwys in figuurlike sin na sukses of mislukking wat iemand ervaar,
7. 'n Mercedes is 'n duur en deftige motor wat dus "blink" en voor op sy neus 'n "ster" het.
8. Met die verwysing na die "sagte leer" word die gemak van die bestuurder en sy passasiers in 'n Mercedes beklemtoon.
9. 'n Vaartuig is meestal 'n skip en die stuurman op 'n skip het hoë status: "skeepsoffisier met 'n rang onder die van kaptein".
10. Ons lei daaruit af dat hy nie net sag en gemaklik sit in sy duur motor nie, maar dat die lewende ook omgewe met gemak; dat hy, met ander woorde, 'n knus (behaaglike, gemaklike) lewende lei.
11. Nie net die motor is met leer beklee wat sterk en moeilik verweerbaar is nie, ook die bestuurder is goed geklee en beskerm teen die elemente, terwyl die verflenterde bedelaars blootgestel is aan wind en weer. Indirek word heel mense met stukkende mense gekontrasteer.
12. Die implikasie van "slawemaal" is dat 'n Mercedes bekostigbaar is uit die opbrengs van onverdiende geld deur die uitbuiting van mindergegoedes. Wat anders ontse word, betaal vir die rykmanslewe van mense wat Mercedese kan bekostig.
13. uitsteltegniek.
14. "vaartuig" , "blink" , "ster geklink" , "sagte leer"
15. "wanhopig"
16. Dit is 'n armoedige maaltyd – wat die slaaf se eienaar so afskeep dat hy sy eie wins kan verhoog.
17. tersines
18. sikliese slot
19. In hierdie gedig word uitdrukking aan 'n bekende straattoneel in 'n onbenoemde stad in die hedendaagse Suid-Afrika: mense in duur motors – Mercedese, wat na 'n werksdag haastig onderweg na hul huise by armoediggeklede bedelaars verby ry.

Sy anonieme verteller spreek aanvanklik net sy minagting vir die "executives" in hul blink "vaartuie" indirek uit deur slegs die woord "yl (dun)", wat suggereer dat hulle van min betekenis is.

Krog se spreker tree nooit die gedig binne nie, maar deur treffende beelde laat blyk hy sy meegevoel en meelewing met die bedelaars wat hy in teenstelling tot die "executives" skerp waarneem.

Met treffende beelde wek hy as't ware die bedelaars tot lewe in die gedig en met die beelde waarmee hy hulle beskryf, gee hy uitdrukking aan sy meegevoel en meelewing met hulle. In strofe 3 spreek Krog sy kritiek uit teen die staatsamptenare wat wins maak uit hul bevoorregting ten koste van diegene wat deur omstandighede gemarginaliseer is; mense wat aan die buitekant van die samelewing broodgebrek ly.

Willem Krog se "Mercedesrit in die aand" is 'n gedig in eie reg, maar vervul sy volle betekenis eers in vergelyking met Elisabeth Eybers se "Busrit in die aand". Die sin van die vergelyking van twee verwante gedigte lê daarin dat dit begrip en waarde van elke gedig afsonderlik duideliker laat blyk, en nie om die een as beter as die ander te probeer bewys nie.